

**Ouderdom:** Vs-Gr6

**Tema:** Kersfees Jubel klanke

**Teks:**

**DOEL:**

Dikwels word Kersbome deur die Kerk en Christene afgemaak as van heidense oorsprong, as boos, on-Bybels en onchristelik.

Dit mag waar wees, maar die realiteit is dat Kersbome gekom het om te bly! Ons kinders sal dit altyd, oral sien in die Kersseisoen. Hulle hou van Kersbome, dit is vir hulle mooi, vrolik en kleurvol. Die doel van hierdie les is om dan eerder 'n positiewe konnotasie aan Kersbome te gee sodat ons kinders elke keer as hulle 'n Kersboom sien, eerder positiewe gevoelens ervaar.

**INLEIDING:**

Vertel weer die ou-ou verhaal van Jesus se geboorte, dit kan ook opgevoer word en selfs kinders kan gebruik word om dit op te voer, aangesien almal die verhaal so goed ken.

**APPARAAT:**

'n Regte denne boompie vir 'n kersboom met al die versierings waarvan daar sprake is in die lesie.



**LES:**

Weet julle, so baie mense en winkels het 'n Kersboom in die Kerstyd. Wie van julle het almal 'n Kersboom in julle huise met blink balletjies en liggies, ens. Hou julle van 'n Kersboom? Ja, 'n Kersboom is mooi en kleurvol en vrolik, maar weet julle, 'n Kersboom wil ons aan baie meer dinge herinner. Ons gaan nou kyk wat die Kersboom alles vir ons wil leer, en dan moet julle elke keer as julle in die Kerstyd 'n Kersboom sien, dink aan wat dit vir julle wil leer, en julle moet dit ook met ander mense deel wat nie weet nie.

Die denneboom is vir ons 'n simbool van die Kerk van Jesus Christus hier op aarde - altyd groen, al is dit snikwarm of al is dit snerpnd koud - al is die denne boompie se takkies spierwit van die sneeu, dit bly altyd groen. So moet Jesus se kerk wees, dit moet nie net mooi en vol lewe wees as dit goed gaan nie, maar ook as dit swaar gaan, moet ons 'n lewendige kerk wees!

Die baie takke aan die een boom is 'n simbool van die baie verskillende nasies van die wêreld, die dennenaalde is die ware Christene van daardie nasies wat almal een is in Christus, soos wat al die dennenaalde een is met die boom.

Bo-aan die boom hang die ster van Bethlehem wat ons herinner aan die wonderlike maniere waarop die Here vreemdelinge van ander lande na Hom toe kan lei.

Vandag nog trek Sy woord en die boodskap van Jesus mense vanoor die hele wêreld, soos wat die Bethlehem ster daardie nag die Wyse Manne uit die ver land - die Ooste - na die kindjie toe gelei het.

Aan die boom hang allerhande silwer-blink drade wat getuig van die vreugde wat Christus bring. Nagemaakte klein appeltjies en ander vruggies wat mense soms aan hulle boompies hang, vertel van die vrug van die Heilige Gees - liefde, vreugde, vrede.



Die kersies of liggies wat hulle lig versprei, vertel van Jesus wat die lig vir die wêreld is, en wat gesê het ons moet ons lig so laat skyn dat dit ons Vader in die hemel verheerlik. Die geskenke onder die boom herinner ons daaraan dat God, ons Vader, die allergrootste present vir ons met Kersfees gegee het - Sy enigste Seun, Jesus Christus!



#### **AFSLUITING:**

1. Watter present gaan jy die Kersfees vir Jesus gee? Moenie wag nie, gee dit sommer nou!
2. Wat is die beste Kersgeskenk wat ons vir iemand anders kan gee?